higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
NKR VLAK 2
(Eerste vraestel)

(4101042)

13 November 2023 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

027Q1N2313

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
NKR VLAK 2
TYD: 2 UUR
PUNTE: 140

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

AFDELING A: Leesbegrip	(30)
AFDELING B: Opsomming	(10)
AFDELING C: Visueel	(30)
AFDELING D: Taal in praktyk	(40)
AFDELING E: Kommunikasie in praktyk	(30)

2. Beantwoord al die vrae.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat ’n reël oop ná elke antwoord.

6. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

IN ’N KLAS VAN SY EIE

deur Roxanne Mooneys

1. In elke gemeenskap is daar kinders wat die skool verlaat as gevolg van een of ander leergestremdheid. Maar daar is tog opvoeders wat hul lewens aan dié kinders wy omdat hulle die regte hart en die wil het om daardie kinders te help.

2. Jevonn Cloete (29) is só ’n opvoeder. Hy is onlangs benoem vir die Afrika-unie se prys as die beste opvoeder op die vasteland. Hy is een van twee Suid-Afrikaners in die wedloop om dié eer.

3. As jy na hom luister, kom jy agter dat spesiale onderrig sy roeping is. Dié seun, uit ’n behoeftige huis in Namakwaland, was destyds in graad 11 en het reeds toelating gehad vir mediese studie aan die Universiteit van Stellenbosch toe sy toekomspad van rigting verander het.

4. ‘My Wiskunde-onderwyseres het buite in die gang met ’n ander onderwyser staan en gesels en toe sien ek die gaping. Ek het die klas begin aanbied en die vorige dag se werk nagesien. Aan die einde van die klas het ’n gevoel by my opgekom – ek moet ’n onderwyser word.’

5. Dit was ’n lang en soms moeilike pad waarlangs hy moes loop vanaf sy geboortedorp, Rooifontein, sowat 100 km van Garies, waar ma Susan ’n skoonmaker en pa John ’n taxi- en busbestuurder was. Hy het besluit dat hy iets van sy lewe wou maak en om dié rede het hy mense in die gemeenskap genader om hom te borg om sy hoërskoolloopbaan aan die Hoërskool Namakwaland op Springbok te voltooi.

6. In 2017 het hy as onderwyser by Laerskool Weber Gedenk in Jamestown, net buite Stellenbosch, ingeval. Hier het hy ervaar hoe maklik dit vir kinders met spesiale behoeftes is om die pot mis te sit in ’n hoofstroomskool. Hy wou graag ’n verskil in dié kinders se lewens maak. Daarom was dit vir hom maklik om na Rusthof-leerondersteuningskool te gaan en te vra om hom in gedagte te hou as ’n pos oopgaan.

7. Hy is in 2019 by Rusthof-leerondersteuningskool aangestel en hier kon hy sy passie vir leerders met spesiale behoeftes uitleef. Hy wou van die begin af dinge vir hulle makliker maak om dinge te verstaan. Hy gebruik liedjies wat almal ken en dinge waarmee almal daagliks te doen kry. Hy kon sien hoe die kinders verbeter. Die kinders dink natuurlik hy is hulle held. ‘Dit gee my soveel vreugde, my beker loop oor,’ sê Jevonn.

8. Die feit dat hy vir die Afrika-unie-prys benoem is, het die Nasionale Onderwysdepartment ook beïndruk.

9. In sy vrye tyd draf hy graag langs die see of staan agter die kospotte.

[Verkort en aangepas uit: *Huisgenoot*, 14 Julie 2022]

Kopiereg voorbehou

1.1 Op wie fokus hierdie artikel? (1)

1.2 Wanneer is hierdie artikel gepubliseer? (1)

1.3 Waarom verlaat leergestremde kinders soms 'n hoofstroomskool? Gee die antwoord in jou eie volsin. (1)

1.4 Vir watter prys is Jevonn Cloete benoem? (2)

1.5 Voltooi die volgende sin deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

Buiten Jevonn is daar nog … mens/e in Suid-Afrika vir die prys in VRAAG 1.4 benoem. (1)

1.6 Haal TWEE opeenvolgende woorde uit die leesstuk (paragraaf 3) aan wat daarop dui dat Jevonn Cloete arm grootgeword het. (1)

1.7 In watter studierigting sou hy eers studeer? (1)

1.8 Waar is Jevonn Cloete gebore? (1)

1.9 Voltooi die onderstaande tabel deur slegs die onderskeie beroepe van die lede van die Cloete-gesin langs die vraagnommer (1.9.1–1.9.3) neer te skryf.

LEDE VAN DIE CLOETE GESIN		BEROEP
1.9.1	Susan Cloete	
1.9.2	John Cloete	
1.9.3	Jevonn Cloete	

(3 × 1) (3)

1.10 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.10.1–1.10.2) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee 'n rede vir die antwoord.

1.10.1 Jevonn Cloete se ouers het sy skoolfooie betaal toe hy op hoërskool was.

1.10.2 Jevonn is nie iemand wat sit en wag vir 'n pos nie.

(2 × 1) (2)

1.11 Watter hoërskool het Jevonn bygewoon? (1)

1.12 By watter skool en wanneer het Jevonn in die onderwys begin? (2)

Kopiereg voorbehou

1.13 Verskeie opsies word as moontlike antwoord op die volgende vraag gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A−D) langs die vraagnommer (1.13) in die ANTWOORDBOEK neer.

'… om die pot mis te sit' in (paragraaf 6) beteken om …

A verkeerd te wees.
B onsuksesvol te wees.
C 'n fout te begaan.
D lomp te wees. (1)

1.14 Wat was Jevonn se doel vandat hy by Rusthof aangestel is? (2)

1.15 Noem TWEE metodes wat Jevonn gebruik om werk aan leerders te verduidelik? (2)

1.16 Dui aan of die volgende stellings 'n OPINIE of FEIT is deur slegs 'Opinie' of 'Feit' langs die vraagnommer (1.16.1−1.16.2) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.16.1 Die kinders dink natuurlik hy is hulle held.

1.16.2 Binne twee jaar nadat Jevonn begin skoolhou het, het hy van skool verander.

(2 × 1) (2)

1.17 Waarom, dink jy, is Jevonn so suksesvol in sy beroep? (2)

1.18 Waaruit lei ons af dat Jevonn van die buitelug hou? (2)

1.19 Wat bedoel die skrywer as sy sê Jevonn 'staan agter die kospotte'? (1)

1.20 Hoe voel Jevonn as hy sê: '… my beker loop oor'? (1)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Niemand hou van kritiek nie, maar in enige werkplek gaan jy een of ander tyd gekritiseer word. Hoe hanteer jy dit met grasie?

- Som die wenke hoe om kritiek met grasie te hanteer in SEWE (7) volsinne op.
- Skryf die sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Jy mag nie meer as een sin oor elke wenk skryf nie.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming moet tussen 60 en 70 woorde wees.
- Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

HANTEER KRITIEK MET GRASIE

Niemand is lief vir kritiek nie. Daarom lei kritiek dikwels tot negatiewe emosies. Hier is 'n paar wenke om kritiek reg te hanteer.

Voel jy miserabel oor kritiek? Dit mag dalk vir jou negatief lyk, maar daar is gewoonlik 'n stukkie waarheid in. Evalueer eers die kritiek om te kyk of jy wel iets verkeerds gedoen het. En as jy weet jy is onskuldig? Dan ignoreer jy daardie onregverdige kritiek.

Die persoon wat jou kritiseer se aggressiewe stemtoon of lyftaal kan dieselfde reaksie by jou uitlok. Daarom is dit absoluut nodig dat jy so kalm moontlik op kritiek moet reageer as jy met grasie wil optree.

Moenie dadelik op kritiek te reageer nie! As jy tot later wag, sal jy minder kwaad voel. Hoe moet jy op kritiek reageer om te wys jy is in beheer? Glimlag terwyl jy daarna luister, selfs al voel jy ongelukkig daaroor.

Die moeilikste is seker om nie kritiek persoonlik op te neem nie. Oorsensitiewe mense vergeet kritiek handel net oor iets wat hulle doen en wat hulle kan verander. Hulle neem alles persoonlik op en daarom kry hulle hulself dan jammer.

Waardeer dit as iemand jou regverdig kritiseer. Sy kon jou geïgnoreer het sodat jy later weer dieselfde fout begaan.

[10]

[Aangepas uit: *http://www.lifehack.org*]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: VISUEEL

VRAAG 3: ADVERTENSIE



[Bron: Vertaal en verwerk met *canva.com*, 2022]

3.1 Wat is die naam van die rolprent wat hier geadverteer word? (1)

3.2 Waarom dink jy staan die persoon in die advertensie alleen met haar rug na die leser gekeer? (2)

3.3 Noem EEN akteur wat in hierdie rolprent speel. (1)

3.4 Wie rig die akteurs vir hierdie fliek af? (1)

3.5 Wat is die naam van die hoofkarakter in dié rolprent? (1)

3.6 Verskeie opsies word as moontlike antwoord op die volgende vraag gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

Die hoofkarakter het haar liefde … gevind.

A in die trein
B by die werk
C op die platform
D in die teater (1)

3.7 Waarom dink jy het hierdie fliek 'n ouderdomsbeperking van 16 jaar? (1)

3.8 Hoe pas die beelde in die advertensie by die tema van die fliek? Moenie die beeld van die meisie in ag neem nie. (1)

3.9 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies en skryf dit langs die vraagnommer (3.9) in die ANTWOORDBOEK neer.

Hierdie rolprent is op (fiksie/die werklikheid) gebaseer. (1)
[10]

VRAAG 4: GRAFIESE VOORSTELLING

Die grafiek hier onder dui kaartjieverkope vir die film vir een week aan.



[Bron: *Eie verwerking*, 2022]

4.1 Watter TWEE faktore word in hierdie grafiek in ag geneem? (2)

4.2 Op watter dag is die meeste kaartjies verkoop? (1)

4.3 Op watter twee dae is dieselfde hoeveelheid kaartjies verkoop? (2)

4.4 Verskeie opsies word as moontlike antwoord op die volgende vraag gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.4) neer.

Dinsdag was die kaartjieverkope …

A R50 000.
B R45 000.
C R40 000.
D R10 000. (1)

4.5 Op watter dag is die tweede minste kaartjies verkoop? (1)

4.6 Gee TWEE moontlike redes waarom kaartjieverkope hoër was op Dinsdag as op Woensdag. (2)

4.7 Oor watter tydperk is hierdie data ingesamel? (1)
[10]

VRAAG 5: SPOTPRENT



[Bron: *Die Burger*, 21 April 2021]

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoord op die volgende vraag gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.1) neer.

Hierdie toneel speel af in die …

A kombuis.
B eetkamer
C sitkamer.
D garage. (1)

5.2 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies en skryf dit langs die vraagnommer (5.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

Hierdie spotprent het in 'n (koerant/tydskrif) verskyn. (1)

5.3 Hoeveel bobbejane, volgens die spotprent, het die eienaar se huis beset? (1)

5.4 Noem TWEE aktiwiteite, wat jy kan aflei uit die prent, waarmee die bobbejane besig was. (2)

5.5 Verskeie opsies word as moontlike antwoord op die volgende vraag gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.5) neer.

Die eienaar in die prent lyk …

A hartseer.
B ontsteld.
C bang.
D ongemaklik. (1)

5.6 Hoe lei ons uit die mannetjiebobbejaan se woorde af dat hy arrogant is? (2)

5.7 Met watter kwessie spot die spotprenttekenaar in hierdie spotprent? (1)

5.8 Hoe, dink jy, behoort hierdie kwessie opgelos te word? (1)
[10]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK

VRAAG 6

Voltooi die sinne in KOLOM A hieronder deur die instruksies in KOLOM B uit te voer. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1–6.23) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
VERHOUDINGS		**INSTRUKSIES**	
Ons het in 'n huis grootgeword waar			
(6.1 tydskrif) en koerante baie	6.1	Gee die meervoud.	(1)
(6.2 skaars) was.	6.2	Gee 'n antoniem.	(1)
Ons was (6.3 arm).	6.3	Gee die intensiewe vorm.	(1)
Maar van boeke (6.4 was) daar nooit genoeg nie.	6.4	Maak 'n goeie sin met die homoniem.	(1)
(6.5 Ons bure weet ons kry swaar.)	6.5	Herskryf die sin in die ontkennende vorm.	(2)
Ons het net nooit (6.6 tou opgegooi) nie.	6.6	Wat beteken die uitdrukking 'tou opgooi'?	(2)
My pa sê: (6.7 'Ek moet die kringloop van armoede breek.')	6.7	Herskryf in die indirekte rede. Begin die sin só: My pa sê dat …	(2)
Hy glo hy moet (6.8 in sy beroep/elke dag/ hardwerkend) wees.	6.8	Skryf die sin oor met elke bywoord in die korrekte posisie.	(1)
By die huis was my pa baie lief vir sy (6.9 orrel).	6.9	Gee die verkleining.	(1)
As hy orrel gespeel het, het ons almal (6.10 na + dit) geluister.	6.10	Gee die korrekte voornaamwoord.	(1)
My pa is 'n goeie (6.11 begeleidster).	6.11	Gee die manlike vorm.	(1)
Ons dogters het (6.12 in/met) die koor gesing as hy ons begelei het op die orrel.	6.12	Kies die korrekte voorsetsel.	(1)
Dit was vir ons die heel (6.13 lekker) ding om te doen.	6.13	Gee die oortreffende trap.	(1)
My pa was baie lief om grappe te vertel en ons het vir (6.14 hom/sy/haar) grappe gelag. By (6.15 geselighede/gesellighede) tree hy op as ons eie 'Trevor' tot groot vermaak van die skare.	6.14 6.15	Kies die korrekte voornaamwoord. Kies die korrekte spelling.	(1) (1)
(6.16 Ons ouers bly in ons harte.) Hulle tradisies leef voort.	6.16	Herskryf die sin in die toekomende tyd.	(2)

[Aangepas uit: *Kuier*, 9 Junie 2022]

Die volgende vrae is op die strokiesprent hieronder gebaseer.



6.17	Die sin in die spraakborrel is 'n (vraagsin/uitroepsin/bevelsin).	(1)
6.18	Herskryf die sin in die verlede tyd.	(2)
6.19	Verbind die sinne en begin só: As ek …	(2)
6.20	Herskryf die sin in die lydende vorm.	(2)
6.21	Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.	(1)
6.22	Gee 'n sinoniem.	(1)
6.23	Gee die korrekte vorm van die woord.	(1)

[Aangepas uit: *Beeld*, 13 Julie 2022]

Kopiereg voorbehou

Verbeter die foute in die onderstreepte dele deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.24–6.32) in die ANTWOORDBOEK neer.

Waar kom aartappelskyfies vandaan?

Weet jy waar kom (6.24) aart-appelskyfies of tjips vandaan?
By 'n duur restaurant in New York was die sjef een aand baie (6.25) kwaai. 'n (6.26) Gas het gekla omdat sy aartappelskywe te dik was. Die sjef het dit gegryp en baie (6.27) dunste as ooit tevore gesny. Toe braai hy dit in olie totdat dit so (6.28) hart was dat jy dit nie met 'n vurk kon steek nie. (6.29) Was aan die tafel almal verras
Hulle het lanklaas sulke lekker skyfies (6.30) gëeet.
Toe vra hulle of hulle (6.31) ASSB nog kan kry. Die sjef het 'n goeie (6.32) tip gekry.

6.24 Breek die woord op die regte plek af. (1)

6.25 Verkeerde woordkeuse (1)

6.26 Verkeerde woordkeuse. Gee EEN woord vir 'n persoon wat by restaurante eet en betaal vir sy ete. (1)

6.27 Verkeerde verbuiging (1)

6.28 Verkeerde homofoon (1)

6.29 Algemene vraagsin se woordorde is verkeerd. Skryf dit korrek oor. (2)

6.30 Skryfteken op die verkeerde vokaal (1)

6.31 Afkorting is verkeerd. (1)

6.32 Engelse in plaas van Afrikaanse woord. (1)
[40]

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK

VRAAG 7: EFFEKTIEWE KOMMUNIKASIE

7.1 Kies die korrekte teken om by die onderstaande sinne te pas. Skryf slegs die letters (A–J) langs die vraagnommer (7.1.1–7.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

A 	B 	C 	D 	E 
F 	G 	H 	I 	J 

7.1.1 Rook verbode

7.1.2 Vulstasie naby

7.1.3 Parkering slegs vir gestremdes

7.1.4 Selfone verbode

7.1.5 Geen toegang

7.1.6 Telefoon naby

7.1.7 Vuurwapens verbode

7.1.8 Polisiekantoor naby

7.1.9 Parkering vir noodvoortuie

7.1.10 Herwin u leë glasbottels hier

(10 × 1) (10)

7.2 Kies 'n element van kommunikasie uit KOLOM B om by die definisie daarvan in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (7.2.1–7.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.2.1	Persoon wat 'n boodskap oordra	A	enkodering
7.2.2	Inhoud wat oorgedra word	B	dekodering
7.2.3	Inhoud wat oorgedra moet word, word in woorde of aksies omgesit	C	terugvoering
		D	boodskap
7.2.4	Manier waarop die boodskap gestuur word	E	ontvanger
7.2.5	Persoon vir wie die boodskap bedoel is	F	sender
		G	kommunikasiekanaal
7.2.6	Boodskap word omgeskakel sodat dit verstaan word soos dit bedoel is		

(6 × 1) (6)

7.3 Kies die betekenis van die sin uit KOLOM B om by die korrekte plasing van die woordklem in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (7.3.1–7.3.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.3.1	**Ek** het nie die dosent vertel dat jy klas bank nie.	A	Ek het die dosent vertel dat jy siek is.
7.3.2	Ek het **nie** die dosent vertel dat jy klas bank nie.	B	Ek het dalk my beste vriend vertel dat jy klas bank.
7.3.3	Ek het nie die **dosent** vertel dat jy klas bank nie.	C	Iemand anders het die dosent vertel dat jy klas bank.
7.3.4	Ek het nie die dosent vertel dat jy **klas bank** nie.	D	Ek het van iemand anders gepraat wat klas bank.
		E	Dit het nie gebeur nie.

(4 × 1) (4)

7.4 Dui aan of die volgende stelling oor effektiewe kommunikasie WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (7.4.1−7.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

7.4.1 Vir suksesvolle kommunikasie moet die boodskap duidelik wees.

7.4.2 Informele kommunikasie hoort glad nie in enige besigheid nie.

7.4.3 Kommunikasie hoef nie altyd bestendig te wees nie.

7.4.4 Die tydsberekening van kommunikasie moet reg wees.

7.4.5 As jy nie genoeg inligting oor 'n saak gee nie, sal dit die taak wat afgehandel moet word, benadeel.

(5 × 1) (5)

7.5 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies en skryf dit langs die vraagnommer (7.5.1–7.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

7.5.1 'n Voorbeeld van interpersoonlike kommunikasie is ('n vergadering wat gehou word/hoe jy jouself met ander vergelyk).

7.5.2 'n Voorbeeld van massakommunikasie is (die TV/'n telefoonoproep).

7.5.3 'n Vergadering tussen die Afrikaansdosente by die kollege om tydens teetyd die vraestel te bespreek, is 'n (nie-amptelike/ informele) kommunikasiekanaal.

7.5.4 As die aanstelling van die nuwe hoof van die kollege deur 'n groep dosente oor 'n braaivleisvuur bespreek word, is dit 'n (nie-amptelike/informele) kommunikasiekanaal.

7.5.5 As die nuwe hoof van die kollege een Maandagoggend tydens 'n vergadering aangekondig word, is dit 'n (formele/informele) kommunikasiekanaal.

(5 × 1) (5)

[30]

TOTAAL AFDELING E: 30
GROOTTOTAAL: 140

Kopiereg voorbehou